

22 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 1
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 1: 4**

Deur die nood bring God ons tot verootmoediging en gebed

Ongeag Nehemia se besondere posisie as skinker van die koning, kon hy hom nie distansieer van die wel en weë van sy volk, wat ook God se volk is nie. Hy het gehoor dat die muur rondom Jerusalem platgeslaan is. Die stad is nou onveilig en oop vir die aanvalle van vyandige heidene. Die stadspoorte, die plek van duidelike regspraak, is ook afgebrand. Reg en geregtigheid word nie meer beoefen nie. In die teenwoordigheid van die heidene leef en werk die volk nie meer soos kinders van God nie.

Waar is die mure rondom die Jerusalem van die Nuwe Testament? Is dit nie dat die kerk se mure ook platgeslaan en sy poorte afgebrand is nie? Daar buite is byna geen onderskeid meer merkbaar in die lewe van gelowiges en ongelowiges nie. Bedrog en leuens en Sondagontheiliging is nie net op te merk by ongelowiges nie. Vuil taal kom nie net uit die mond van die heiden en die kerklose nie. Ons nood is groter as net stukkende mure. Ons nood is lewens wat stukkend is vanweë die sonde.

Die Here leer ons om soos Nehemia te begin met ware verootmoediging en gebed. Om te vas, sit wil sê om vir 'n tyd lank nie te eet nie, kom in die Bybel veral voor rondom die saak van verootmoediging. Dit is om te midde van kastyding jou letterlik en figuurlik voor God neer te werp sodat jy met groter konsentrasie en toewyding jou op God en sy wil kan toespits. Is jou gebed vir jou ook 'n saak van voorbereiding en van diepe konsentrasie en toewyding? Wie in gebed hom tot die Heilige en Almagtige God wend, kan en mag nooit daarvan 'n ondeurdagte en goedkoop geleentheid maak nie.

Hierin het Jesus Christus ons voorgedaan. Hy was die Gestuurde wat hierdie stukkende en platgeslane wêreld herstel het. Biddende gehoorsaamheid aan sy Vader was die pad na verlossing. Elkeen wat in Hom glo en wat deel in die vernuwende werk van die Heilige Gees, wat kom van God die Vader en die Seun, ontvang ook die nodige krag en leiding om in ware ootmoed soos Nehemia te bid. Dit is tegelyk die versekering van die begin van die volkome herstel.

Sing: Psalm 42:1, 5

Ds Sarel Cilliers (Waterberg)